

MISSIONALE WERKSESSIE

AANGEBIED DEUR: NG SINODE HOËVELD

Inleidende gesprekke oor sekularisasie wat die wêreld soos donkerwoike toetrek en die buitengewone geleentheid wat dit bied om missionaal teenwoordig en effektiw te wees.

WANNEER

21 Oktober 2017
10:00 – 13:00

WAAR

**Sinodale Sentrum
Kempton Park**

RSVP teen 16 Oktober 2017:
Natassja Marais
011 975 8220
na@ngkhoeveld.co.za



TEMA:

Missionaal in Sodom en Gomorra!

DOEL:

Om leiers en gemeentede te bemagtig deur hulle bewus te maak dat selfs onder moeilike omstandighede (sekularisasie) dit steeds moontlik en voordeliger is om met 'n missionale fokus in jou Gemeente te funksioneer.

SPREKERS:

Dr. Frederick Marais
Ds. Dirkie van der Spuy

VBO PUNTE

3 punte kan verdien word.

GRATIS

Sekularisasie het ongetwyfeld 'n groot inpak op gelowiges en lidmate in ons gemeentes. Indien ons hierna kyk vanuit 'n Christendom perspektief is dit 'n groot bedreiging, maar indien ons hierna kyk vanuit 'n missionale perspektief, open dit vir ons interessante moontlikhede.

- Sekularisasie daag die kerk uit om weer te besin oor wat die evangelie is waarvan ons getuig. Missionale teoloë soos Lesslie Newbigin en Darrell Guder daag ons uit om in hierdie tyd te vra of ons nie die plot van die Evangelie verloor het nie en of ons nie met 'n gereduseerde evangelie werk waar sieleheil verhef word tot die enigste implikasie van die evangelie.

- Sekularisasie hou die bedreiging in van 'n proses van self-sekularisering van die kerk indien ons in ons poging om relevant te wees, niks meer is as 'n christelike sousie oor die verbruikerskultuur van ons tyd nie (Jamie Smith).

- Sekularisasie daag die kerk uit om vanuit 'n posisie van on-mag oor die evangelie te getuig. Indien die kerk bly aanspraak maak op 'n posisie van

bevoorregting in die samelewing, sal ons voortdurend deur die publiek beskuldig word dat ons met godsdiens besig is wat selfverrykend en magsoekend is. Ons uitdaging is om in nederigheid soos Christus te dien (Michael Gorman). Indien ons 'n dienskneg-gestalte sou kon inneem, is die geleentheid in 'n gesekulariseerde tyd onbeperk (sien die geskiedenis van die vroeë kerk).

- Sekularisasie daag die kerk uit in terme van die verwatering van geloof in die Kerk (Charles Taylor- *The Secular Age*).
- Sekularisasie het tot gevolg dat die mense van ons dag die vermoë verloor het om meta-fisies te dink en te redeneer, maar indien die kerk geloofservarings kan fasiliteer, kan dit 'n deur open van refleksie en gesprek (sien Charles Taylor se konsep van die "buffered self").

Dalk is die grootste uitdaging dat die kerk moet leer om nie in verdediging te gaan nie, maar die moed te hê om die blinde kolle wat die sekularisasie uitwys, in die oë te kyk en aan te spreek.